SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

***Sentraal-Suid Koöperasie Beperk**, 'n gevestigde en gediversifiseerde landbou-onderneming, met sy hoofkantoor in Swellendam (Wes Kaap), beskik tans oor die volgende vakatures by hul Meganisasie takke te Swellendam, Heidelberg (Wes Kaap) en George onderskeidelik.*

ONDERDELE BESTUURDER: SWELLENDAM

Die posbekleër sal verantwoordelik wees vir die totale bestuursfunksie van die Onderdele afdeling te Swellendam, wat o.a. Begrotingsbestuur, Aankope- en Voorraadbestuur, Bemarking en Klantesorg, Mensebestuur asook Algemene administrasie insluit. Kennis en ondervinding van New Holland en Rovic Leërs produkte sal as aanbeveling dien.

Die ideale kandidaat sal oor toepaslike ervaring beskik met 'n algemene bemarkingsgeoriënteerde benadering asook goeie beplanning- en onderhandelingsvernuf, interpersoonlike- en kommunikasievaardighede asook rekenaarvaardig wees (MS Office Pakket en SAP) met 'n Geldige kode EB (Kode 8) bestuurslisensie.

JUNIOR MEGANISASIE BEMARKER: GEORGE

Kandidate met geskikte persoonlikheidseienskappe en agtergrond sal vir die pos oorweeg word en vorige ondervinding in die bedryf is nie 'n vereiste nie (alhoewel dit ondersteunend sal wees). Die kandidaat sal onder mentorskap van 'n ervare Meganisasie Bemarker ontwikkel en opgelei word, en skakel met kliënte in hierdie bedieningsgebied.

Minimum vereistes behels onder meer 'n matriek kwalifikasie, goeie kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede, 'n doelwit gedrewe en bemarkingsgeoriënteerde benadering asook die vermoë om gesonde sakeverhoudinge te bou. 'n Geldige Kode EB (Kode 08) bestuurderslisensie is 'n vereiste. Deurlopende produkopleiding sal voorsien word, maar enige toepaslike kennis ten opsigte van o.a. die New Holland/ Rovic Leërs produkreeks sal u aansoek versterk.

GEKWALIFISEERDE SWEISER: HEIDELBERG

Die ideale kandidaat sal oor ‘n toepaslike kwalifikasie met bewese ervaring in die vakgebied beskik. Die vermoë om planne te vertolk, die toepassing van beroepsgesondheid en veiligheid in daaglikse praktyk, handhawing van goeie menseverhoudinge en die vermoë om gehalte werk onder druk te kan lewer is vereistes. Die posbekleër sal moet bereid wees om soms lang ure (veral in seisoentyd) te werk. ‘n Geldige kode EB (Kode 8) bestuurslisensie sal u aansoek versterk.

VAKLEERLINGSKAPPE:
DIESEL WERKTUIGKUNDE: GEORGE & HEIDELBERG (WES KAAP)
PAS & DRAAI: SWELLENDAM

Vir hierdie uitdagende geleentheid is ons op soek na kandidate wat oor Graad 12 met Wiskunde en Wetenskap of N2/N3 kwalifikasie beskik en graag opgelei wil word in bg ambagte. Die Industrievoorgeskrewe vergoedingskale sal betaal word vir die duur van die 4 jaar vakleerlingskap.

Ter aanvulling van die regte kwalifikasie moet kandidate selfgedrewe, onafhanklik en hardwerkend wees met goeie interpersoonlike vaardighede, effektief kan beplan asook bereid wees om verder te studeer wat soms vir periodes weg van die huis sal wees. ‘n Geldige Kode EB (Kode 08) bestuurderslisensie sal u aansoek versterk.

Rig u aansoek met ‘n dekbrief en bondige CV met vermelding van die pos waarvoor u aansoek doen tesame met verwagte vergoeding en ‘n kontaknommer, asook ten minste drie kontakbare referente aan: Die Menslike Hulpbronbestuurder, Posbus 12, Swellendam, 6740, om ons te bereik nie later as 17 November 2017. U kan dit ook faks na (028) 514 8656 vir aandag Mnr A Burger of e-pos aan: alwyn.burger@ssk.co.za.

Neem kennis dat, indien u geen terugvoering van die adverteerder binne een maand na sluitingsdatumontvang het nie, u kan aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. SSK is ‘n gelyke- geleenheid werkgewer.